

**SAOU****Noord-Kaap • Northern Cape**

Posbus 110156 Hadisonpark 8306

☎ 053 832 2727

E-pos: saouk@saou.co.za

Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

31 Maart 2016

No: 6 van 2016

PROVINSIALE SEKRETARIS

U is reeds bewus van die feit dat ek die pos van Provinsiale Sekretaris vandag (31 Maart 2016) ontruim om vanaf 1 April 2016 weer 'n pos by die Departement te aanvaar.

Die gebeure het die afgelope tyd baie vinnig op mekaar gevolg – in so 'n mate dat dit soms onwerklik gevoel het!

Dit was vir my 'n voorreg om in die afgelope 3¼ jaar in die hoedanigheid as provinsiale sekretaris by SAOU-lede betrokke te kon wees. Baie dankie aan elke lid wat bygedra het tot ons suksesse en hoogtepunte. (Die laagtepunte is vir my rekening!!) Ek het groot waardering vir u betrokkenheid en samewerking.

'n Besondere dankie aan die lede by skole waar ons vergaderings en bemagtigingsgeleenthede aangebied het. Dit het my telkens getref hoe deeglik die voorbereidings was. Julle het ons altyd welkom laat voel!

My dank ook aan die lede van die PUR vir die lekker samewerking en ondersteuning.

Ek wens u alles van die beste toe. My grootste wens is dat onderwys vir u 'n passie sal bly, al is die omstandighede ook hoe moeilik en die uitdagings soms baie groot.

Opvolger

Baie lede is al bewus daarvan dat mnr. Henk Brand, skoolhoof van Hoërskool Noord-Kaap, aangestel is as die nuwe Provinsiale Sekretaris van die Noord-Kaap. Hy sal op 1 Mei 2016 diens aanvaar. Baie geluk met die aanstelling. As lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad is mnr. Brand baie bekend met die werk van die SAOU en sal hy maklik ook in sy nuwe rol by die SAOU inskakel. Ek wens hom baie sterkte toe in sy nuwe pos.

Die twee vakbondvertegenwoordigers, mev. Hester Human en mnr. Hansie Strydom, is steeds beskikbaar om lede se navrae te hanteer. Mev. Hester Human sal gedurende die tydperk 1 tot 30 April 2016 ook waarneem as provinsiale sekretaris. U is dus welkom om met haar te skakel.

**“It’s not about what
it is, it’s about what
it can become.” —
Dr. Seuss, The Lorax**